Oordenking.
31 Maart 2010

Die laaste Woord aan die kruis was "Vader…" - Luk 23:46

"*Vader in u hande gee Ek my gees oor*." Ons kan nie hierdie woorde hoor, sonder om te onthou hoeveel Jesus aan die kruis gely het nie. Vir sy hele lewe lank was sy gemeenskap met die Vader volmaak, maar onthou jy hoedat vir daardie 3 donker ure aan die kruis, Jesus gely het aan die hand van God en van God verlate was? Daarom het Jesus naderhand gekla – "*Ek het dors*". Sy siel het gedors na God, na die lewende God wat Hom, ter wille van ons sonde, verlaat het.

Jesus se eerste woord aan die kruis was ook "Vader". Toe het Hy vir ons almal gebid en gesê, "*Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen dit nie*". *(Lk 23:34)*. Nou is sy laaste woord weer "Vader". "*Vader, in u hande gee Ek my gees oor*" het Hy gesê. Maar tussen die eerste en die laaste woord, was daar 6 ure van smart - 3 ure aan die hand van mense en nog 3 ure aan die hand van God. Maar met hierdie laaste woord vanaf die kruis, verklaar Jesus dat Hy die beker van God se oordeel tot die bodem toe geledig het. (Lk 22:42).

In sy sterwens uur het Jesus weer gemeenskap met die Vader. Hy kan weer met die Vader praat oor sy leed, en oor joune en myne. As Hy sy asem uitblaas, is Hy in die Paradys by God.

Jesus noem God sy Vader en ons mag dieselfde doen, op grond van die werk van Christus aan die kruis. Watter troos is daar nie in hierdie Naam, Vader, nie. Wat 'n versekering gee dit nie vir ons nie. In Christus is God my Vader wat vir my sorg en in al my behoeftes voorsien. "*Hoe groot is die liefde van die Vader nie,* " sê Johannes, "*dat ons kinders van God genoem mag word nie*!" (1 Jn 3:1).

In Jesus Christus mag ons God ons Vader noem – in lewe en in dood. Na my liggaamlike dood gee ek ook my gees oor aan die Vader en is ek in die Paradys saam met Jesus. My gebed is dat my gees en joune ewig by God sal lewe, want die ander alternatief is te aaklig om eers te oorweeg.

My gebed is dat hierdie Heilige Week jou sal help om jou lewe, jouself, ja jou gees, oor te gee aan God, omdat Jesus Christus vir ons gely het. Ek bid dat ek en jy deur die werk van die Heilige Gees sal verstaan watter liefde dit gekos het om Jesus gewillig te maak om vrywillig deur die skadu's van duisternis te gaan, om my na die lig van die gemeenskap met die Hemelse Vader te lei.

Omdat Jesus gely en gesterf het en opgestaan het, is my gees en jou gees vir ewig veilig in die hand van God.

Gebed - Here, moenie toelaat dat enige iets in my pad staan om hierdie Heilige Week ten volle met U te deel nie. Bring ons almal tot 'n heerlike oorwinning op Paassondag, omdat ons in geloof weet dat U deur die donkerste skaduwees van die dood gegaan het, om ons na U lig toe te lei. Amen.